



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 27 JANUARIE 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Stanley, B J (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieurswese, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

UITTREKSEL UIT NOTULE:

8.5 GOEDKEURING VAN DIE 2021/2022 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN – BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die 2021/2022 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Januarie 2022 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad en word deur die Uitvoerende Burgemeester op tafel geplaas.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge artikel 28 van die MFMA nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geëvalueer is – verwys item 8.4.

Die navrae vanaf raadslede vir duidelikheid word hanteer deur die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Finansiële Dienste, onder andere, aangaande

- die skenking vanaf SANRAL van R1 miljoen (totale skenking van R14,8 miljoen oor die volgende twee finansiële jare) om die voetgangersroete te bou;
- die beskikbaarheid, op versoek, van voorafbetaaltipe meters aan deernishuishoudings om beheer op verbruik uit te oefen;
- die komponente waaruit die Kapitaal Vervangingsreserwefonds (*Capital Replacement Reserve Fund*) bestaan en die belangrikheid om kapitaalprojekte uit eie fondse te finansier. Om eksterne lenings op te neem is duur en kan lei tot buitensporige hoë tariewe;

8.5/...

- Die aansuiwering van die toelaag vanaf die Departement: Sport en Kultuursake vir die bedryf van biblioteke.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 12 stemme ten gunste daarvan, en nege raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (b) Dat die Raad kennis neem van die voorgestelde aanpassing (wat verband hou met Artikel 19) ten opsigte van die Riolwerke-projek: Moorreesburg (**Annexure A-2: Capital Projects ito Sec 19**);
- (c) Dat goedkeuring verleen word om die hoëvlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2021/2022 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

	Oorspronklike Begroting 2021/22	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23	Oorspronklike Begroting 2023/24
Kapitaalbegroting	166 435 729	166 040 448	132 744 732	136 678 848
Bedryfsuitgawes	911 967 149	951 133 356	983 835 346	1 055 314 274
Bedryfsinkomste	968 875 613	1 007 040 106	1 048 008 388	1 119 714 984
Begrote (Surplus)/ Tekort	(56 908 464)	(55 906 750)	(64 173 042)	(64 400 709)
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	47 912 409	48 027 246	45 865 556	50 788 078
(Surplus)/ Tekort	(8 996 055)	(7 879 504)	(18 307 486)	(13 612 631)

- (d) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2021/2022 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n afname in die begrote netto surplus van R8 996 055 na 'n begrote netto surplus van R7 879 504;
- (e) Dat die ongemagtigde uitgawe van R13 258 009 vir die 2020/2021 finansiële jaar gemagtig word as deel van die aansuiweringsbegroting in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in (**Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2021/22 – 2023/24**);
- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienoreenkomstig gewysig word.

MUNISIPALE BESTUURDER